

"Op ons stedelike, plattelandse en hoofpaaië moet motoriste altyd die

moet bestuurders 10 minute stop en bene rek," het Maistry gesê.  
■ Lees ook berig op bladsy 2.

# Op De Aar gaan dit al beter, maar Ritchie ruik nog die ene riool

■ FRANS COETZEE

**KIMBERLEY.** – Terwyl munisipale werkers op De Aar swoeg om verstopte rioolpype op die dorp te herstel, staan die poele rou riool steeds op Ritchie waar inwoners weens die stank na hul asem snak.

Dit kom nadat *Volksblad* gister berig het woonbuurte in dié twee dorpe in die Noord-Kaap kan 'n stinkende Kersfees belewe as die krisisse nie gou opgelos word nie.

Mnr. Isak Visser, munisipale bestuurder van die Emthanjeni-munisipaliteit op De Aar, het gesê verlede naweek was daar heelwat verstoppings in van die dorp se hoofrioolpype.

"Uit die aard van die saak het geen munisipaliteit werklik beheer oor wanneer 'n verstopping sal plaasvind nie.

"Wat ons gewoonlik doen, is om onmiddellik en tot die bitter einde aandag aan die probleem te skenk.

"Die gemeenskap van Emthanjeni is gewoond aan onmiddellike en gehaltdiens deur die munisipaliteit. Geen wonder nie dat my rioolspan onder leiding van mnre. W. Lubbe, Pieter Jacobs en Oom Booï Nxanjana van Vrydag tot Sondag omstreeks 22:00 besig was om die verstoppings die hoof te bied.

Stuur kommentaar per sms na

35956

"Die water wat noodgedwonge in die sloot gestort moes word, was juis om die probleem so gou moontlik op te los. Ek was self op die toneel toe die manne Sondag heeldag gewerk het om die verstopping in Irvineweg te herstel.

"Die water wat in die sloot gestort moes word, was 'n uitsondering. Dit gebeur nie elke jaar nie. In my sewe jaar by die munisipaliteit is dit die eerste keer dat dit gebeur het.

"En dit was baie minimaal, in vergelyking met die groter prentjie.

"Soos gewoonlik, staan my deur wawyd oop vir die gemeenskap van Emthanjeni. Ek vind dit vreemd dat inwoners eers na die media hardloop, voordat hulle probeer om die probleem hier plaaslik met my te bespreek," het Visser gesê.

Op Ritchie het 'n inwoner gister gesê die munisipale werkers was eergister op die dorp, maar die elektriese pomp van die rioolaanleg het glo "gebrand". Teen gistermiddag was daar nog geen verbetering in die toestand nie.